KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT

DONASIEBELEID (5/18/B; 5/18/1).

Die **doel** is om werkswyses en prosedures neer te lê vir die jaarlikse toekenning van donasies.

(i) Dat alle donasies onderhewig sal wees aan die bepalings soos uiteengesit in Artikel 67 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (MFMA), Wet 56 van 2003*;*

(ii) Dat die Raad jaarliks binne sy finansiële vermoë, 'n globale bedrag in die begroting vir die daaropvolgende boekjaar bewillig vir donasies;

(iii) Dat gemotiveerde aansoeke vir donasies, wat voldoen aan die voorskrifte soos bepaal in artikel 67 van die MFMA, jaarliks voor/op 30 September van die betrokke boekjaar ingedien moet word (laat aansoeke sal nie oorweeg word nie);

(iv) Dat alle aansoeke ontvang tot en met 30 September van elke betrokke boekjaar gelyktydig oorweeg sal word;

(v) Dat donasies binne die begrootte bedrag en volgens die Raad se diskresie, slegs aan nie-winsgewende organisasies/instellings (welsyns-, diens-, liefdadigheidsorganisasies en opvoedkundige instellings) gemaak word aan organisasies wie se doelstellings en aktiwiteite versoenbaar is met daardie magte wat aan die munisipaliteit verleen is;

(vi) Dat donasies slegs toegeken sal word aan organisasies/instellings wat binne die regsgebied van Munisipaliteit Kaap Agulhas opereer;

(vii) Dat slegs monetêre donasies toegeken sal word ter wille van deursigtigheid en om te verhoed dat nie-finansiële donasies ongelyke behandeling tot gevolg het.

{Raadsbesluit 107/2002 van 26 Maart 2002}
{Gewysig per raadsbesluit 69/2007 gedateer 24 April 2007}